

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY



Geagte Ouer

## KWARTAAL 2: KURRIKULUM

Sedert die inperking en sluit van skole op 23 Maart aangekondig is, leef ons in 'n tyd van onsekerheid. Ouers en opvoeders is bekommerd oor die invloed wat COVID-19 en die inperking op ons kinders se opvoeding gaan hê. Tans is skole nog gesluit as deel van 'n 4 week- skoolvakansie. Sou die skole weer heropen op 21 April, het ons slegs 13 skooldae verloor. Die Departement het reeds die res van die jaar se skoolkwartale verleng om 9 van hierdie 13 dae in te haal. In hierdie senario verloor ons slegs 4 skooldae hierdie jaar.

## WAT AS DIE SKOLE VIR LANGER GESLUIT WORD?

Die onderwysers van Laerskool Charlo is reeds besig om werk voor te berei, sou die inperking verleng word. Hierdie werk sal deur middel van D6 (Intermediêre en Senior Fase) en WhatsApp groepe (Grondslagfase) aan die ouers gestuur word. Ons benodig egter u hulp om toe te sien dat die werk tuis gedoen word. **Ons verwag nie van ons ouers om die onderwyser te vervang nie.** Al kwartaal 2 se werk sal hersien word wanneer die skole heropen, maar die werk wat u intussen met die leerders gedoen het, sal as grondslag dien. Dit sal maak dat die aanleer/hersien in die klas vinniger gaan en so tyd spaar. Huiswerk sal hoofsaaklik lees en toets van begrip/kennis wees. Indien die opdrag meer gekompliseerd is, sal die onderwyser n kort videogreep saamstuur waarin hy/sy self die konsep aan u kind verduidelik. **Alle formele assesseringstake sal deur die onderwyser self gedoen word.**

Daar is tans baie aanlyn- hulpbronne en TV uitsendings wat ouers kan gebruik om die leerders te stimuleer. Hierdie hulpbronne is op ons D6 en Facebookblad aangebring. Die meerderheid van hierdie bronne is ongelukkig in Engels, maar daar is tog n paar Afrikaanse webtuistes. Ouers en leerders moet asseblief ook hierdie tyd gebruik om aandag aan leesvaardigheid te gee. Leesvaardigheid is die fundamentele boublok van alle leer. Wanneer ons terugkeer na die inperking, sal goeie leesvaardighede almal bevoordeel. Dit is dus baie belangrik dat u kind so veel moontlik lees terwyl hy/sy nou die tyd het.

Die Bestuur, Personeel en Skoolbeheerliggaam van Laerskool Charlo sal alles in hul vermoë doen om te verseker dat ons leerders 2020 se skoolkurrikulum voltooi, selfs al beteken dit dat ons die skooldag moet verleng.

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH

POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070

TEL: 041 367 1172

FAX: 041 367 2334

EMAIL: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za)

WEB: [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

FACEBOOK: <http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool>

LAERSKOOL

**CHARLO**

PRIMARY



#### **KWARTAAL 1 RAPPORTE:**

Kwartaal 1 se rapporte is reeds gedruk en reg om uitgehandig te word. Ouers sal die rapporte gedurende die eerste week van volgende kwartaal ontvang. Die datums sal op D6 geplaas word.

#### **SKOOLGELD**

Ek wil vir al die ouers wat so getrou hul skoolgeld betaal, bedank. Soos u weet, moet die salarisse van die personeel en werkers steeds betaal word. Personeel is steeds aan diens en werk hard agter die skerms om die werk gereed te kry vir wat ookal vir ons voorlê. Ons wil vra dat u asseblief steeds getrou u skoolgeld sal betaal.

#### **NASORGFOOIE**

Nasorgfooie, net soos skoolfooie, word per jaar uitgewerk en deur 11 maande gedeel. Indien die skool 21 April oopmaak en die res van die kwartale verleng word, sal die lang April vakansie dus nie n effek op die jaarlikse koste van nasorg hê nie. Die beheerliggaam is egter besig om na verskillende opsies te kyk om die nasorgouer tegemoet te kom, sou die inperkingstydperk verleng word. Me Terblanche sal u rekening van Mei maand aanpas indien die president aankondig dat die skole eers later oopmaak. April sal dus nog vir die volle bedrag wees, aangesien Me Terblanche reeds besig is met die rekeninge.

#### **BESPREEK COVID 19 EN HOEKOM ONS TUIS MOET BLY**

Dit is van kardinale belang dat u as ouer met u kind moet gaan sit en die situasie rondom ons inperking met hom/haar bespreek. Elke ouer ken sy kind die beste. U weet hoe belangrik dit vir u kind is om veilig te voel en te weet dat u hom/haar kan beskerm. Alhoewel ons die belangrikheid van fisiese afstand en die ander voorsorgmaatreëls teen COVID 19, by ons kinders wil vaslê, moet ons nie paniek by ons kinders veroorsaak nie. Verseker u kind dat, indien ons by die reëls hou, ons hierdeur sal kom. Verseker hom/haar dat alles weer sal terugkeer na normal. Hierdie is tydelik en sal ook verbygaan.

Ek bid vir u veiligheid en glo dat ons geloof ons deur die moeilike tyd sal dra.

Vriendelike Charlogroete

Almorie Daniell

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH

POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070

TEL: 041 367 1172

FAX: 041 367 2334

EMAIL: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za)

WEB: [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

FACEBOOK: <http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool>